# Ek is binne gemeenskap van goedere getroud. Val die langslewende gade se bates ook in die bestorwe boedel?

Ja.  Waar gades binne gemeenskap van goedere getroud is is daar slegs een gemeenskaplike boedel waarin al die bates val.  Wanneer een van die twee gades dus te sterwe kom sal alle bates en laste deel van die bestorwe boedel vorm en met die beredderingsproses hanteer moet word.

Een van die voordele van 'n huwelik buite gemeenskap van goedere is juis dat so 'n gevolg daardeur voorkom word.

Met behoorlike beplanning behoort die langslewende gade egter nie bekommerd te wees oor die beskikbaarheid van fondse nie, bv. in terme van bankrekenings wat gevries word.

Volker Krüger